

SONDAG 39

VRAAG EN ANTWOORD: 104

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
Vraag: Wat eis God in die vyfde gebod?				
<p>Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp.</p>	1	Eksodus 21:17	En hy wat sy vader of moeder vloek, moet sekerlik gedood word.	"Wie sy pa of ma vloek, moet doodgemaak word.
		Spreuke 1:8	My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie;	My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee; moenie wat jou moeder jou leer, verontagsaam nie
		Spreuke 4:1	Hoor, julle seuns, na die tug van die vader, en luister om insig te leer ken;	Kinders, neem die opvoeding wat 'n vader julle gee, ter harte; slaan daarop ag, sodat julle kan leer wat insig is,
		Spreuke 15:20	'n Wyse seun verbly sy vader, maar 'n dwase mens verag sy moeder.	'n Wyse seun maak sy ouers bly, 'n dwase mens minag hulle.
		Spreuke 20:20	Wie sy vader of sy moeder vloek, sy lamp gaan in pikdonker dood.	As jy jou vader en moeder vervloek, is jou lewe daarmee heen en bly net die pikdonker oor.
		Romeine 13:1	Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel,	Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.
		Efesiërs 5:22	Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.	Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.
		Efesiërs 6:1-2	Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder - dit is die eerste gebod met 'n belofte -	Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. "Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by:
		Efesiërs 6:5	Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;	Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is.
		Kolossense 3:18	Vroue, wees julle mans onderdanig soos dit betaamlik is in die Here.	Vrouens, wees aan julle mans onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo.
	Kolossense 3:20	Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.	Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo.	

		Kolossense 3:22	Diensknegte, julle moet jul here na die vlees in alles gehoorsaam wees, nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar in eenvoudigheid van hart, omdat julle God vrees.	Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde. Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here.
Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê,	2	Spreuke 23:22	Luister na jou vader wat jou verwek het, en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie.	Wees gehoorsaam aan jou vader en moeder, jy is hulle kind; en moet hulle nie verag as hulle oud geword het nie.
		1 Petrus 2:18	Diensknegte, wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is.	Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.
omdat God ons deur hulle wil regeer.	3	Matteus 22:21	Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.	"Die keiser s'n," antwoord hulle. Jesus sê vir hulle: "Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort."
		Romeine 13:2-3	sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang. Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang;	Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry. 'n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys,
		Efesiërs 6:4	Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;	En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.
		Efesiërs 6:9	En, here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie.	En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.
		Kolossense 3:20	Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.	Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo.